Dalpark NG Kerk

Gevestig in Jesus: Sy volmaakte karakter & sy voltooide werk

Boekenhoutstraat 22 Brakpan (Koördinate: S26°15.174' E028°19.670')
Posbus 3061 Dalview 1544 Tel: 011 915 1858 E-pos: ngdalpark@gmail.com

HERINNERINGSMUUR

Memorandum van ooreenkoms aangegaan en gesluit tussen Dalpark NG Kerk en koper:

Volle name en van**:** _____

ID NR. _____ Adres: _____

Dalpark NG kerk het 'n herinneringsmuur opgerig by die kerkgebou te Boekenhoutstraat 22, Dalpark, Brakpan waarin nisse vir ashouers beskikbaar is. Indien 'n lidmaat van die gemeente belangstel om gebruik te maak van die muur van herinnering, is die gebruiksreg daarvan onderhewig aan die volgende terme en voorwaardes:

1. Die gebruiksreg van die Herinneringsmuur is slegs ter gebruik van gemeentelede en gemeentelede se kinders.
2. Die koopprys vir die gebruiksreg van **die een nis beloop die bedrag van R1250.00** (Eenduisendtweehonderd en vyftigrand). Die bedrag kan jaarliks hersien word vir nuwe kopers.
3. Bogenoemde bedrag sluit die granietplaat in. Die kleur en grootte van die plaat moet ooreenstem met die ander plate om eenvormigheid te behou.
4. Die KOPER is geregtig om die nis vir twee persone se as te gebruik.
5. Gravering van die granietplaat moet deur die koper/familie self gedoen word. Die koper/familie is self verantwoordelik om die steen te verwyder, die gravering te laat doen en seker te maak dat bewoording en spelling korrek is.
6. Die koopprys is betaalbaar by die ondertekening van hierdie ooreenkoms en word 'n nis soos vermeld hierin, gereserveer vir die gebruik deur die koper.
7. Die Herinneringsmuur sal deur die kerkraad instand gehou word.
8. Die nis se gebruik is net vir 50 jaar van krag. Net die nisse wat ouer as 50 jaar is, en daar nie meer nisse beskikbaar is nie, se as word in een nis geplaas en die persone se naam word op een plaat aangebring.
9. Indien die koper nie meer van die gebruiksreg van die nis wat vir die koper gereserveer is gebruik wil maak nie, sal die kerkraad op skriftelike versoek van die koper, die eerste opsie hê om die gebruiksreg van die koper teen die koopprys soos hierin vermeld sonder rente van die koper terug te koop.
10. Die koper en/of sy naasbestaandes sal nie geregtig wees om die gebruiksreg in terme hiervan aan enige ander persoon te verkoop, sedeer of oor te dra, sonder die goedkeuring deur die kerkraad soos ooreengekom hier in punt 9.

Handtekening Koper : _____ Datum _____

Handtekening Saakgelastigde: _____ Datum _____

AS GETUIES:

1._____ **2.**_____
(Namens die Koper) (Namens die Kerkraad)